LitNet Akademies Jaargang 21, Nommer 3, 2024, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Postkoloniale melancholie in Ronelda S Kamfer se *Hammie* (2016)[1]

J.V. Blignaut

J.V. Blignaut, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek postkoloniale melancholie in Ronelda S Kamfer se digbundel *Hammie* (2016).[2, 3] Die navorsingsvraag vra na die aard van die identiteitsvorming van die digterspreker in *Hammie* teen die agtergrond van ’n postkoloniale Suid-Afrika en met inbegrip van die uitwerking van die traumatiese verlies van haar moeder en die verwante verliese wat daarmee saam na die oppervlak du. Die rouproses en die verwerking, al dan nie, van die verliese word ook ondersoek. Die digterspreker, ’n bruin vrou, en haar mense is omgewe van ’n alomteenwoordige melancholie wat van geslag tot geslag oorgedra word en steeds gevoed word deur die diskriminasie op grond van velkleur en gender wat sy in die hede ervaar. Die dood van die spreker se moeder het ’n ingrypende uitwerking op haar lewe en ontketen die bewuswording van verwante verliese.

Die studie lê klem op die postkoloniale aspekte waarneembaar in die onderliggende melancholie in die bundel se gedigte. Die werk van onder andere Anne Anlin Cheng, Ranjana Khanna en Paul Gilroy word by die bespreking betrek om ’n raamwerk te skep waarbinne postkoloniale melancholie in enkele gedigte in *Hammie* ontleed word. Net soos haar moeder en grootmoeder dra die digterspreker oorblyfsels van die onverwerkte trauma en verlies van die koloniale verlede met haar saam. Die artikel rapporteer dus hoe melancholie die digterspreker se subjektiwiteit ten opsigte van haar ras en gender vorm, te midde van die onderdrukking wat sy steeds ervaar as ’n bruin vrou in ’n postkoloniale Suid-Afrika.

Trefwoorde: gender; *Hammie*; marginalisering; melancholie; postkoloniale melancholie; postkolonialisme; ras; Ronelda S Kamfer; rou; subjektiwiteit; trauma; verlies

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Abstract

Postcolonial melancholia in Ronelda S Kamfer's *Hammie*

This article focuses on postcolonial melancholia in Ronelda S. Kamfer's poetry collection, *Hammie* (2016). The research question explores the nature of identity formation of the poetic speaker in *Hammie* against the backdrop of a postcolonial South Africa, including the impact of the traumatic loss of her mother and the associated losses that resurface as a result. The mourning process, or lack thereof, of these losses are also examined. The poetic speaker, a coloured woman, and her community are enveloped in a pervasive melancholia that is passed down from generation to generation and continues to be fed by discrimination based on skin colour and gender that she experiences in the present. The poetic speaker in *Hammie* suffers from loss, triggered by the profound effect of the death of her mother. The study focuses on the postcolonial aspects evident in the melancholic nature of the poems in *Hammie*. The work of, amongst others, Anne Anlin Cheng, Ranjana Khanna, and Paul Gilroy are included in the discussion to create a framework to analyse postcolonial melancholia in several of the poems in *Hammie*.

The article examines how loss affects the poetic speaker in *Hammie* on various levels. The loss the speaker experiences is initially that of her mother. When the circumstances of the mother's life and the speaker's relationship with her are examined more closely, it becomes clear which associated aspects of the mother's identity the speaker also loses. The death of the mother brings traumatic events to the surface and as a result the speaker must carry remnants of the colonial past with her, just as her mother and grandmother had. The loss of her mother and the associated remnants of her colonial past, such as racial discrimination and inequality, have not been processed, and the burden rests on the poetic speaker and her daughter to try to heal from this postcolonial melancholia in the present. The article thus reports how melancholia shapes the poetic speaker's subjectivity regarding her race and gender, due to the oppression she experiences as a coloured woman in postcolonial South Africa.

Studies on loss, mourning, and melancholia exist, yet all aspects of this subject haven't been explored in Afrikaans literature. Some reflective literary studies in Afrikaans utilising psychoanalytic theory on melancholia include Louise Viljoen's study "Die hart 'n droë blaar": Verlies, rou en melancholie in Olga Kirsch se Afrikaanse poësie (2014). Other studies focusing more on loss include Thys Human's articles on loss and its processing in the works of Ingrid Winterbach, encompassing themes such as consolation, melancholia, and "impossible" grief. This article narrows the themes of loss, mourning, and melancholia, focusing on postcolonial melancholia and subject formation as it is manifested in Ronelda S Kamfer's poetry collection *Hammie*. Kamfer's work portrays the poet confronting marginalisation due to discrimination based on her race and gender, navigating experiences of past discrimination in contemporary contexts. Postcolonial melancholia theory provides a useful lens for interpreting Kamfer's poetry, particularly in unpacking themes of loss, race, gender, inequality, and discrimination. *Hammie* is described as a reflection on the loss of Kamfer's mother through autobiographical poems. Elements such as the use of her mother's actual name, Gertruida Kamfer, and the photo of her mother on the cover contribute to the autobiographical nature of the collection, along with themes of mother-daughter relationships. While elements of loss and melancholia are present in Kamfer's earlier works, they are more foregrounded in *Hammie*, especially regarding race, class, and gender melancholia. The tone in *Hammie* reflects a greater self-awareness in relation to others compared to Kamfer's previous collections.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

In *Hammie*, the inner pain and struggle with the death of the poet's mother are visible, alongside a critical examination of societal issues. The speaker navigates the loss of her mother while navigating the social circumstances of her life. The poems illustrate the experiences of racial and economic inequality faced by the female, coloured, postcolonial, post-apartheid subject. Through analysing *Hammie*, loss and mourning can be studied to understand how postcolonial melancholia functions. Melancholia is a subjective social condition or position that transcends specific political groups. Studies on postcolonial melancholia shed light on how marginalised identities experience loss and melancholia, revealing the shadow of unresolved loss carried by marginalised individuals. Melancholia influences the identity formation of marginalised groups, contributing to subject formation. Postcolonial melancholia describes how colonised African people cope with loss and mourning to survive in a present tainted by the past. Unlike Sigmund Freud's approach, postcolonial melancholia doesn't lead to a spiritual death but compels black or coloured people to resist decline and choose life.

Different forms of melancholia are integral to the theory of postcolonial melancholia, including aspects of race, gender, colonialism, and postcolonialism. After outlining the theory, it is applied to analyse selected poems from *Hammie* through the lens of postcolonial melancholia, demonstrating how the poet's further subject formation is influenced by the discrimination she faces based on her skin colour and gender.

In *Hammie*, issues of social and economic inequality often surface, intertwined with discussions around race and gender. To trace inequality as depicted in *Hammie*, it's necessary to examine the hierarchies that perpetuate racial and gender discrimination. The remnants of the apartheid era are carried into the present, with economic and social inequality remaining unaddressed. Kamfer's work reveals the psychological impact of the colonial system from the perspective of the marginalised individual. In *Hammie*, the poet must process the loss of her mother on the surface. However, when considering postcolonial melancholia, this loss can be more precisely examined to determine what exactly the poet lost in her mother. From an intersectional perspective, the mother, as a coloured woman, is doubly marginalised. Therefore, the poet in *Hammie* not only loses her mother but also various aspects of her mother's identity as both a coloured person and a woman. Beyond grieving her mother as a mother, the poet must also process the colonial past and the oppression her mother experienced. This contributes to the melancholia experienced by the poetic speaker, influencing her subjectivity.

Through close reading of poems like "Lae lewens" (20), "Apartheid" (71–2), and "Troupanne" (33–4), it becomes clear that South Africa, even after the suspension of apartheid, is still in the process of socio-economic transformation. The remnants of the colonial order can still be seen in contemporary postcolonial society. Social and economic inequalities caused by colonisation are still melancholically carried into the present, akin to a societal ailment.

Postcolonial melancholia loses its pathological mask, as it applies to groups rather than individuals. The pain experienced by the speaker is thus comparable to the suffering of larger marginalised groups. Healing from melancholia appears almost impossible, as the ideals of a multicultural society remain utopian and unattainable. The psychological impact of colonialism on women and colonial subjects can be examined through postcolonial melancholia, utilising psychoanalysis as a framework to understand the psychological impact of colonialism. Kamfer's poetry gives voice to previously silenced, marginalised people, especially coloured people and women. Through her poems, Kamfer highlights the losses experienced by marginalised people, shedding light on their struggle for identity and healing. The strategic

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

methods used in coping with loss can be compared to the obstacles faced by other oppressed groups, such as queer people. While there are differences in the marginalisation of these groups, the similarities in the losses they experience in their daily lives can be illuminated. Melancholia can help them survive, endure, and heal.

Keywords: gender; *Hammie*; loss; marginalisation; melancholia; mourning; postcolonial melancholia; postcolonialism; race; Ronelda S Kamfer; subjectivity; trauma

> "for blacks and queers melancholia [is] not a pathology, a self-absorbed mood that inhibits activism, but a mechanism that helps us (re)construct identity and take our dead to the various battles we must wage in their names". (Muñoz 1997:355–6)

1. Inleiding[4]

Studies oor verlies, rou en melancholie bestaan, maar alle aspekte van hierdie onderwerp is nog nie in die Afrikaanse letterkunde ondersoek nie. Soortgelyke beskouende literêre studies in Afrikaans wat die psigoanalitiese teorie oor melancholie gebruik, sluit Louise Viljoen se studie "'Die hart 'n droë blaar': Verlies, rou en melancholie in Olga Kirsch se Afrikaanse poësie" (2014) in. Ander studies wat meer op die aspek van verlies klem lê, is Thys Human (2008) se artikels wat handel oor verlies en die verwerking daarvan in die oeuvre van Ingrid Winterbach (Lettie Viljoen), insluitend "'Klaaglied vir 'n verdwene geliefde' – oor vertroostende, melancholiese en 'onmoontlike' verdriet" (2006), "'Ek kan nie my hand oopmaak en loslaat nie': verlies, verdriet en (kortstondige) verligting in *Karolina Ferreira* deur Lettie Viljoen" (2008) en "'Om leeg te word soos 'n skulp': verlies en verganklikheid in *Die boek van toeval en toeverlaat*" (2009).

Hierdie artikel beperk die temas verlies, rou en melancholie met die klem op postkoloniale melancholie en subjekvorming, soos dit in Ronelda S Kamfer se digbundel *Hammie* manifesteer.

In Kamfer se oeuvre word die digterspreker gekonfronteer met marginalisering weens diskriminasie gegrond op haar ras en gender. Die spreker moet dikwels haar weg vind deur die ervaring van diskriminasie wat uit die verlede spruit. Hierdie vorm van marginalisering vind steeds in die hedendaagse konteks plaas en die verwerking daarvan maak integraal deel uit van subjektiwiteitsvorming. Op grond hiervan is die teorie oor melancholie, veral die postkoloniale aspek daarvan, 'n nuttige lens om te gebruik vir die lees van Kamfer se poësie. 'n Konseptualisering van postkoloniale melancholie kan interpretasiemoontlikhede ontsluit wanneer verlies, ras, gender, ongelykheid en diskriminasie na vore gebring word in die bespreking.

Reeds op die agterblad van *Hammie* word die bundel beskryf as die verwerking van die verlies van haar moeder, deur middel van outobiografiese gedigte. Dit word duidelik in byvoorbeeld die digter se gebruik van haar moeder se werklike naam, Gertruida Kamfer, in die gedigte.[5] Paratekstuele elemente, soos die foto van Kamfer se moeder op die voorblad, dra verder by tot die outobiografiese aspek van die bundel, sowel as die moeder-dogter-tematiek. Die foto plaas veral die moeder, selfs letterlik, op die voorgrond. Die toonaard van die bundel word op die agterblad as melancholies en ontstellend beskryf en die hooftemas van die gedigte is die groot-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

wordjare, taal, ras, klas, moederskap en verhoudings met familie, vriende en kennisse. Alhoewel sekere elemente van verlies, rou en melancholie bespeur kan word in Kamfer se vroeëre werke, is dit myns insiens in *Hammie* waar elemente van melancholie, insluitend die melancholie van ras, klas en gender meer op die voorgrond geplaas word. Na my mening is die toonaard in Kamfer se ander bundels minder melancholies en meer woedend, terwyl dit in *Hammie* blyk dat daar ’n groter bewustheid van die self in verhouding met ander mense is.

In *Hammie* (2016) is die innerlike pyn en worsteling met die dood van die digterspreker se moeder sigbaar. Daarbenewens is daar ’n kritiese blik op maatskaplike probleme. Die spreker moet die verlies van haar moeder verwerk terwyl sy die sosiale omstandighede waarin sy leef, bestuur (Vermeulen 2018:93). In heelwat van die gedigte word die omstandighede waaraan die vroulike, bruin, postkoloniale, postapartheid subjek blootgestel word, geïllustreer, byvoorbeeld die ervaring van rassisme en ekonomiese ongelykheid.[6] In die analise van *Hammie* kan verlies en rou dus as verskynsels bestudeer word om te bepaal hoe postkoloniale melancholie funksioneer.

Navorsing oor Kamfer se werk sluit in Dalene Vermeulen se doktorale proefskrif, “’n Ondersoek na Ronelda Kamfer se poësie aan die hand van bell hooks se filosofie oor ras en taal” (2018), Bibi Burger se artikel, “‘Our respect for water is what you have termed fear’: The ocean in the poetry of Ronelda S. Kamfer and Koleka Putuma” (2020), Marni Bonthuys se artikel, “Postkoloniale feminisme in die Afrikaanse poësie: die debute van Ronelda S. Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips” (2020) asook Tenita Zinsi Kidelo se ongepubliseerde MA-verhandeling, “Swart feminisme in Afrikaanse en Nederlandse poësie met betrekking tot die werke van Ronelda Kamfer en Simone Atangana Bekono: ’n vergelykende studie (2021)”. Temas in die studies sluit in postkolonialisme, feminisme, metafore, ras en taal. Die navorsingsgapings is onder meer verlies en melancholie en veral die rol wat melancholie speel in die subjekvorming van die gemarginaliseerde persoon. Die probleemstelling vra na die digterspreker se ervaring van verlies, rou en melancholie en hoe dit tot haar subjekvorming as bruin vrou in ’n postkoloniale Suid-Afrika bydra.[7]

Met die klem op postkoloniale melancholie, word ondersoek hoe melancholie met postkolonialisme verbind kan word. Die werk van onder andere Anne Anlin Cheng (2001), Ranjana Khanna (2003) en Paul Gilroy (2005) word by die bespreking betrek.

’n Raamwerk vir postkoloniale melancholie word vervolgens geskep om enkele gedigte uit *Hammie* te ontleed. Die ontleding van hierdie gedigte word bespreek, waarna sekere gevolgtrekkings gemaak word.

2. Postkoloniale melancholie

Melancholie is ’n subjektiewe sosiale toestand of posisie wat nie op ’n sekere politieke groep van toepassing gemaak kan word nie. Studies oor postkoloniale melancholie maak dit moontlik om die rol van verlies en melancholie wat subalterne identiteite ervaar, beter te verstaan.[8] Dié studies toon die skaduwee van onverwerkte verlies wat die gemarginaliseerde persone met hulle saamdra, aan (Crociani-Windland en Hoggett 2012:165). Melancholie beïnvloed die identiteitsvorming van gemarginaliseerde groepe en dra dus by tot subjekvorming. Melancholiese hegting met die verlede is kompleks en ambivalent en daarom kan onderdruktes en onderdrukkers dit

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

deel, ondanks hul verskillende reaksies op die onverwerkte verlies. In hierdie konteks moet daar gelyktydig aandag gegee word aan beide die sosiohistoriese omstandighede en die individualiteit van subjekte of hulle gemeenskappe se reaksie op hul gegewe omstandighede (2012:69).

Die konsep *postkoloniale melancholie* beskryf onder meer die gekoloniseerde mense van Afrika wat onderdruk is se wyse van omgaan met verlies en rou om te kan oorleef in ’n hede wat met die verlede bevlek is.[9] In stede daarvan dat mense wat geraak is deur kolonialisasie permanente slagoffers bly, maak postkoloniale melancholie dit moontlik vir hulle om van voor af te begin. ’n Belangrike aspek van postkoloniale melancholie is om weg te beweeg van hartseer wat gepaard gaan met ’n afsku vir die self en haar bestaan (Etoke 2019:9). Die melancholie wat in Afrika ervaar word, is in kolonialisme en postkolonialisme gesetel. Hierdie melancholie wat in koloniale en postkoloniale ruimtes ervaar word, is pertinent in Suid-Afrika, soos in hierdie artikel bespreek word. Dit is ’n gemoedstoestand in die publieke en private sfeer, asook in individuele en groepsverband. Dié vorm van melancholie verdoem die mense van Afrika tot ’n verhouding met die self en die wêreld wat onlosmaakbaar van verlies is. Die verliese sluit in hul kultuur, taal, land, gode, stamboom, vryheid en die self. Dit is paradoksaal dat hierdie veelvoudige verliese ook oorlewing moontlik maak. Anders as in Sigmund Freud se benadering, lei postkoloniale melancholie nie tot ’n geestelike selfdood nie, maar verplig dit swart of bruin mense om agteruitgang en dit wat hulle wil vernietig, teen te staan en die lewe te kies (Etoke 2019:9).

In *Hammie* is die spreker melancholies ná die dood van haar moeder. Meer spesifiek is daar tekens van swaarmoedigheid en verlies aan belangstelling in die buitewêreld. Die spreker se sukkelende pogings om voort te bestaan sonder die moeder en die verlies aan belangstelling in haar huislike omgewing is duidelik in “Ma” (32). Hekke val af (r. 3), plante hou op groei (r. 4–5) en die kombuis bly vuil (r. 8–9). Die spreker het ook selfverwyte en ambivalente gevoelens teenoor haar moeder, wat gesamentlik gedagtes van selfdood by haar wek. Die spreker beskryf haarself in “High birds” (63) as iemand wat ly aan ’n “self-harm-related siekte” (r. 4) en “’n selfvernietigende / fokkop of note / daai meisie / met die scars / op haar polse” (r. 7–11). Enersyds is die negatiewe gevoelens ’n ongesonde subjekvorming. Andersyds is die spreker se vorming as moeder wel positief en het sy dit nodig om na haar eie dogter om te sien (soos in “Troupanne”). Alhoewel die primêre verlies wat verwerk moet word dié van die moeder is, is daar ook ander elemente van verlies, rou en melancholie te bespeur. Wanneer postkolonialisme by die bespreking van melancholie ingesluit word, is dit wel moontlik om ander aspekte van die digterspreker se traumatiese ervarings, naamlik die sosiale omstandighede waardeur sy moet bestuur, te ondersoek. Alhoewel die digter-spreker haarself nie van die moeder kan losmaak nie en haar herinneringe melancholies met haar saamdra, word sy ook aan ander traumatiese ervarings blootgestel. Hierdie traumatiese gebeur-tenisse sluit diskriminasie, asook sosiale en ekonomiese ongelykheid in. Die digterspreker in *Hammie* se onderdrukte herinneringe aan diskriminasie en geweld word opgeroep ná die dood van haar moeder en lei tot die onthulling van ander pynlike ervarings.

In haar gemeenskap is daar byvoorbeeld die gevaar van bendelede (r. 13) in “Imagine as Hammie moen doodgaan” (62), geweld, soos in “Box cutters” (36–7) en verkragting in “Getuienis” (58). Voorbeelde van hierdie gebeure sluit ook seksuele geweld in, soos die man in “Uncle Jerry” (70) wat homself aan die kinders ontbloot. Die melancholiese ervaring kan verder ontleed word deur op die temas van ras, gender en postkolonialisme in die bundel te let en te ondersoek hoe dit deel vorm van haar identiteit. Hierdie temas word bespreek onder die sambreelterm *postkoloniale melancholie*.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Dalene Vermeulen (2018:112) argumenteer dat die digterspreker in *Hammie* meer doen as om bloot sosiopolitieke omstandighede uit te wys en te verwerk. Tekens van die gemarginaliseerde spreker se wordingsproses kom te berde. Die spreker deel haar gedigte met ander en lewer sodoende ’n bydrae tot die vestiging van ’n uiteenlopende swart of bruin identiteit. Die gemarginaliseerde spreker staan haar onderdrukkers en die onderdrukking teen. Sy werk na ’n uiteindelike doel van bevryding en solidariteit. Kamfer verken in haar skryfwerk kwessies rondom gender en identiteit en sy lewer kommentaar op die hedendaagse sosiopolitieke omstandighede in Suid-Afrika en is daarom ’n postkoloniale skrywer (Crous 2009:207). Weens haar hantering van vroue-kwessies is haar skryfwerk ook feministies (Bonthuys 2020:241). Die ondersoek oor melancholie word in die volgende afdeling verdiep deur aspekte van post-kolonialisme te belig.

2.1 Kolonialisme, postkolonialisme en postkoloniale feminisme

Verskillende vorme van melancholie vorm deel van die teorie vir postkoloniale melancholie, naamlik aspekte van ras, gender, kolonialisme en postkolonialisme. Ná die uiteensetting van die teorie, word dit ingespan om enkele gedigte uit *Hammie* deur die lens van postkoloniale melancholie te lees, en aan te toon hoe die verdere subjekvorming van die digterspreker beïnvloed word deur die diskriminasie wat sy ervaar op grond van haar velkleur en gender.

In die studie *The empire writes back* (Ashcroft, Griffiths en Tiffin 2002:1–2) ondersoek die skrywers postkoloniale kulture nadat imperiale mag beëindig is. In vroeëre werke is daar onderskeid getref tussen die koloniale en postkoloniale tydperke vóór en ná onafhanklikheid verkry is. In stede van die beskouing van postkolonialisme as die opvolging van kolonialisme, moet dit gelees word as die ondermyning daarvan (Ashcroft, Griffiths en Tiffin 2002:2). Ashcroft, Griffiths en Tiffin (2002:83) gebruik die term *postkolonialisme* om na alle kulture te verwys wat beïnvloed is deur imperiale prosesse sedert die aanvang van kolonisering tot op hede. Tekste wat ontwikkel onder hierdie omstandighede is dus postkoloniaal, aangesien hulle ontstaan het uit die ervaring van kolonisasie. Tydens kolonisasie word kolonies uitgebuit en gemarginaliseer.

In die konteks van Kamfer se skryfwerk, en veral *Hammie*, is dit belangrik om aspekte van gender in postkoloniale kontekste uit te lig. Viljoen (1996:6) wys die parallelle verhoudings tussen man en vrou, imperium en kolonie, asook koloniseerder en gekoloniseerde uit. In die koloniale raamwerk is daar ’n dubbele onderdrukking van swart vroue. Feminisme is sterk vergelykbaar met die postkolonialisme, aangesien beide teoretiese velde ten doel het om die gemarginaliseerde groepe se status te herstel en poog om die strukture van oorheersing af te breek (Ashcroft, Griffiths en Tiffin 2002:173). Marni Bonthuys (2020:244) argumenteer dat daar in die Afrikaanse letterkunde, veral in poësie, ’n feministiese stem te bespeur is onder jong bruin vrouedigters soos Kamfer. Die verskyning van hierdie skrywers skakel met die derdegolf-feminisme, asook postkoloniale feminisme.

In die laat twintigste eeu het idees rondom interseksionaliteit en verskeie -ismes, byvoorbeeld seksisme en rassisme, aandag geniet (Bonthuys 2020:24). Kimberlé Crenshaw (1991:1 244) het die interseksionele teorie ontwikkel om die ervarings van swart vroue beter te verstaan. Die teorie verwys na sosiale groepe, byvoorbeeld gender, ras en klas, wat onderling met mekaar verband hou. Die idee is dat marginalisering of diskriminasie van onderdrukte groepe soms oorvleuel. Anna Carastathis (2014:304) beskryf die term *interseksionaliteit* as ’n metafoor wat die kruispunte van onderdrukkende stelsels, soos gender, seksualiteit, ras en klas, uitwys.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Vroue se lewe word nie net gevorm deur een politieke proses nie, maar eerder deur interseksionele stelsels van onderdrukking. Swart en bruin vroue is dus dubbel gemarginaliseerd op grond van hul ras en gender. Dié teorie verduidelik marginalisering en belig individualiteit. Bruin vroue is tydens die koloniale tydperk op hierdie dubbele wyse onderdruk en die nagevolge daarvan strek tot in die hede.[10] In die gedig "Apartheid" (71) word drie generasies van vroue beskryf wat die dubbele onderdrukking van ras en gender illustreer.

Volgens Mack-Canty (2004:164) ontstaan postkoloniale feminisme in die tweede golf van feminisme en hou aan ontwikkel in die derde golf. Postkoloniale feminisme fokus op swart feminisme en ondersoek die negatiewe uitwerkings van die koloniale bestel, byvoorbeeld ekonomiese ongelykheid, die impak van globale kapitalisme en omgewingsrassisme. Die teorie brei multikulturele identiteitsvorming en die interseksie met seksisme uit om aan te toon hoe die oorblyfsels van die Westerse kolonialisme steeds 'n negatiewe impak op die hede het (Mack-Canty 2004:164). Postkoloniale feministiese bewegings in die hede het ten doel om meer inklusief te wees as die vorige feministiese bewegings, alhoewel inklusiwiteit steeds probleme skep (Kawesa 2019, in Bonthuys 2020). Daar kan geargumenteer word dat postkoloniale feminisme by die teorie oor postkoloniale melancholie ingesluit behoort te word, aangesien vroue dikwels verliese ly tydens die ervaring van onderdrukking. Postkoloniale melancholie ondersoek ook insgelyks die negatiewe uitwerkings van koloniale oorblyfsels.

2.2 Ras-melancholie

Postkoloniale melancholie vertraag die moeilike oorgang van 'n voorheen-gekoloniseerde land na 'n multikulturele nasie (Gilroy 2005:131–2). Die afkeer van ras suggereer die oorblyfsels van koloniale en imperiale oorheersing. Die skaamte, skuldgevoel en ontkenning wat gewek word deur melancholie, veroorsaak dat die persoon van 'n onderdrukte ras dink oor haarself as aanstootlik, onaangenaam, skandelik en nie afsonderlik nie (Gilroy 2005:141). Rasse-ongelykheid en rassisme spruit uit die koloniale bestel en kan steeds bespeur word in die postkoloniale hede. Hierdie fenomeen vorm ook deel van die postkoloniale melancholie, aangesien die ongeregtighede van die verlede nog nie verwerk is nie. Die onderdrukking van die bruin of swart mense hou verder verband met koloniale geweld. Rassisme is 'n hindernis vir die vooruitgang na 'n geïntegreerde, multikulturele samelewing (Gilroy 2005:15).

Hierdie vorm van diskriminasie behels 'n wyse van oorheersing en uitbuiting waarin rasseverskille nie erken en eerbiedig word nie. Die verskille tussen rasse word eerder beklemtoon en versterk om aktief verdelend te bly. Deur die impak van rassisme ernstiger op te neem, word die verpligting aanvaar om die ongeregtighede van die verlede reg te stel. Dit sluit in om getrou te bly aan die politieke en morele noodsaaklikheid om op te tree teen die ongeregtighede wat spruit uit rassehiërargieë soos dit in die alledaagse lewe teëgekom word (Gilroy 2005:31). Wanneer mense of groepe se status verlaag word, veroorsaak dit dat hierdie mense onmenslik behandel word (Gilroy 2005:45). In die postkoloniale era moet dit teengestaan word sodat die slagoffers se melancholie kan genees.

Volgens Cheng (2001:10) ontstaan rasse-ongelykheid deur middel van 'n institusionele proses van uitsluiting en beheer. Standaard dominante witheid en nasionalisme word deur 'n gelyktydige psigologiese insluiting en uitsluiting van swart en bruin mense behou. Marginalisering ontstaan deur swart mense terugwerkend as die ewige ander op te stel. Sodoende word swart en bruin mense as deel van die kern van die nasie verloor. Wettige uitsluiting veroorsaak dat die ingewikkelde verlies wat swart mense as 'n nie-geassimileerde ander ly, as natuurlik beskou word (Cheng 2001:10). Gewelddadige belastering, asook ongevoeligheid daaroor in stede dat dit verdoem word, veroorsaak melancholie (Cheng 2001:11–2).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Melancholie ("melancholy") verwys in die gebruikstaal na affek of 'n gevoel van hartseer. Daarteenoor is die ander vorm van melancholie ("melancholia") 'n identifikasie wat gebaseer is op die verlies van die self. Die ras-melancholie waarna Cheng (2001:20) verwys, wat nog altyd vir swart mense bestaan het, is terselfdertyd 'n teken van verwerping en 'n psigologiese strategie wat gebruik word teen verwerping. Om melancholie uit die oogpunt van die benadeelde persoon te verstaan, moet daar dieper na gekyk word as synde slegs hartseer (Cheng 2001:23). Die ondersoek van hoe hierdie hartseer die benadeelde persoon se lewe bepaal, is belangrik, aangesien dit sy of haar identiteit en subjektiwiteit vorm (Cheng 2001:23–4). Om die ongeregtighede van die verlede wat verwerk moet word beter te verstaan, bied uiteindelik 'n beter begrip van hoe die trauma van diskriminasie die identiteit van die benadeelde persoon beïnvloed of vorm.

In die konteks van Suid-Afrika en ras, is dit nodig om aspekte van apartheid en die oorblyfsels daarvan, soos rasseskeiding en ondergeskikte werksgeleenthede, uit te lig. Die geskiedenis van rasse en rassestudies toon aan hoe die politiek van oorheersing ontwikkel het. Dit bereik 'n klimaks in die ideaal van apartheid, naamlik dat mense van mekaar geskei word. Oorheersing en rasseskeiding werp lig op die sosiale en ekonomiese verhoudings wat voorheen met koloniale gemeenskappe verbind is (Gilroy 2005:45). Apartheid het die ongeregtighede van sosiale ongelykheid en skeiding voortgebring (Hook 2012a:40). Ná apartheid word daar 'n groter klem op veiligheid geplaas en residensiële omgewings word gebou vir mense van hoër sosiale en ekonomiese klasse, waar hulle agter hekke toegesluit word. Ondergeskikte werksgeleenthede vermeerder, ten spyte van die karige besoldiging van 'n sosiale klas van onsekere, onderworpe huishoudelike werkers, skoonmakers, versorgers, afleweraars, wagte en dies meer (Gilroy 2005:45).

Aangesien die oorblyfsels van apartheid na die postkoloniale hede oorgedra is, kan die konseptualisering van koloniale melancholie ook by die bespreking betrek word. Omdat kolonialisme onlosmaaklik deel van postkolonialisme is, word geargumenteer dat koloniale melancholie ook deel van postkoloniale melancholie vorm. 'n Begrip van koloniale melancholie verdiep die insigte in die subjekvorming van gemarginaliseerde mense verder. Die koloniale tydperk, asook psigoanalise, word ondersoek om 'n beter begrip te kry van hoe kolonialisasie die psige van koloniale en postkoloniale subjekte beïnvloed.[11]

Khanna (2003:ix–x) argumenteer dat die psigoanalise as 'n koloniale dissipline verstaan word wat 'n verhaal vir die leser aanbied. Psigoanalise bevorder die idee van Westerse, manlike subjektiwiteit in teenstelling met die vroulike, "primitiewe" of gekolonialiseerde ander. Deur dié problematiese onderskeidings, waaraan psigoanalise nie erkenning gee nie, te verstaan, kan oor die politiek daarvan herbesin word. Khanna (2003:ix–x) ondersoek hierdie gegewe om die ideologiese struikelblokke deur middel van die konsepte en die taal van psigoanalise uit te lig. Khanna (2003:x) keur egter nie psigoanalise in haar ondersoek af nie. Sy toon eerder die tersaaklikheid daarvan vir die hede aan deur die sielkundige stryd wat met koloniale en postkoloniale moderniteit gepaardgaan, te onthul. Psigoanalise kan die psigologiese impak van kolonialisme uitwys en die psigologiese nagevolge van die koloniale tydperk vir koloniale en postkoloniale subjekte kan daarmee ondersoek word (Khanna 2003:x). Volgens Khanna (2003:2) het die konsepte van die self en die mens se bestaan deur middel van geweld, stryd en die psigoanalise tot stand gekom. Dit is meer in die besonder op die politiek van koloniale verhoudings gebou. Die geweld en stryd in die koloniale verlede het 'n psigologiese impak op die subjek en dra by tot subjektiwiteit. Ten opsigte van beide mans en vroue het die ontwikkeling van psigoanalise globaal nuwe oogpunte gebring deur die verkenning van 'n psigoanalitiese weergawe van

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

die hedendaagse, nasionale individualiteit (Khanna 2003:2). Postkoloniale denkers word herhaaldelik met die idee van ’n toekoms vol geregtigheid gekonfronteer. Melancholie vorm dus die grondslag vir die etniese en politieke begrip van die koloniale verlede, die postkoloniale hede, sowel as ’n utopiese, multikulturele toekoms (Khanna 2003:30).

Assimilasie is die proses wat rou en melancholie met mekaar verbind. Rou en melancholie bestaan gelyktydig in die assimilasie-proses en daarom ervaar mense van onderdrukte rasgroepe nie slegs een van die twee toestande nie. Die spektrum tussen rou en melancholie maak dit moontlik om die aard van ras-melancholie te verstaan as konflik en nie skade nie. Om die fokus van ras-melancholie van skade na konflik te skuif, maak daarvan ’n produktiewe proses en verwyder die swart of bruin subjek uit die slagofferposisie. Gemarginaliseerde subjekte is nie permanent gewond en beskadig nie; hulle kan weer genees word. Konflik tussen subjekte oor generasies heen kan op ’n gemeenskaplike vlak herstel word. Om die konflik te herbou, bied die grondslag om die psiges en identiteite van individue sowel as groepe te herstel (Eng en Han 2003:363). Freud argumenteer dat ’n melancholikus nie die vermoë het om van verlies te herstel nie. Ras-melancholie fokus eerder op die melancholikus se weiering om die gemarginaliseerde ander en andersheid op te gee (Eng en Han 2003:364).

Cheng (2001:xi) fokus in haar studie op die gevolge van die verhoudings tussen wit en swart mense.[12] Melancholiese insluiting onthul die sielkundige onderhandeling wat ontwrig word deur die skeiding tussen diegene met mag en die magteloses. Rasgroepe moet erken word as iets wat onderhou word om swart en bruin mense in ongelyke magsverhoudings te onderdruk. Daarná kan politieke denke heroorweeg word sonder om die affektiewe geskiedenis te ontken of nostalgies daaroor te wees (Cheng 2001:xi). Die konsep *melancholie* is nuttig om verlies en rou uit die oogpunt van die benadeelde persoon te verstaan. *Ras-melancholie* as konsep maak dit moontlik om die gevoelens van mense wat voorheen dikwels van ’n stem ontneem is, te beskryf. Daarbenewens bied ras-melancholie ’n kritiese model aan vir die vorming van identiteit en subjektiwiteit van rasgroepe tydens die rouproses (Cheng 2001:xi).

Cheng (2001:x) se term *ras-melancholie* onthul die interne patrone van rou en dit wys hoe subjektiwiteit en rou beperkings aan mekaar stel. Ras-melancholie vorm saam met koloniale melancholie deel van postkoloniale melancholie en word voortaan so benoem. Cheng ondersoek die wyse waarop ’n persoon weens haar ras uitgedaag word en of sy die ervaring van diskriminasie verwerk. Cheng beweer dat postkoloniale melancholie ’n voortdurende wisselwerking onthul wat tussen geskiedenis, politiek, gemeenskapsin, teenwoordigheid, privaatheid en ontologie plaasvind. Volgens haar hou hierdie wisselwerking produktiewe en beperkende gevolge vir rassestudies in. Persone teen wie gediskrimineer word op grond van hulle velkleur, het begrip vir die hinderlike gevoelens wat ná die ervaring van diskriminasie volg. Die persoon ervaar dikwels ’n verwagting wat gepaard gaan met skok, woede en ’n gevoel van skaamte. Die subjektiewe en sosiale vorming van marginale subjekte hou daarom verband met die fisiese ervaring van verdriet. Hierdie ervaring vind plaas in die sfeer van wette en die gemeenskap waarin die ervarings verwerk word (Cheng 2001:x).

Die historiese trauma wat gepaard gaan met verlies en melancholie beweeg weg van Freud se idee dat melancholie ’n siekte is, aangesien dit nie deur individue ervaar word nie, maar deur lede van groepe of generasies. Die trauma word van een generasie na die volgende generasie oorgedra. Die melancholiese ervaring verbind met trauma is nie permanent nie en is geneesbaar (Eng en Han 2003:354). Tydens melancholie verloor die nuwe generasie onbewustelik iets van hul ouers. Hulle besef egter nie wát hulle alles saam met daardie persoon verloor het nie,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

naamlik die ouer se volledige geskiedenis, insluitend persoonlike verliese en ander traumatiese ervarings wat deel vorm van die ouer se geskiedenis. Die seuns en dogters se stemme en liggame word plaasvervangers vir hul vaders of moeders van die vorige generasie. Die stemme van die vorige generasie spook as't ware by die jonger generasie. Die vorige generasie se stemme word van die eksterne wêreld na die interne wêreld van die psige van die kinders oorgedra. Die woede wat die jonger generasie voel vir die verlore liefdesobjek, die vorige generasie, word geïnternaliseer en manifesteer in hulle as depressie (Eng en Han 2003:355).

'n Ego wat uit verlore hegtings saamgestel word, dra by tot die vorming van 'n subjek se identiteit. Daar sal geen onderskeid wees tussen binne en buite nie, met geen melancholiese internalisering van verlies nie. Eers nadat die interne en eksterne wêrelde van mekaar geskei word, kan die rouproses voortgesit word en lei dit na die vorming van subjektiwiteit (Eng en Han 2003:361). Die dekonstruksie van rou en melancholie beklemtoon hoe belangrik dit is om alle identiteite wat uit verlies ontstaan, te erken. Verlies is 'n simptoom van egovorming vir alle subjekte, dominant of gemarginaliseerd. Daarom is dit belangrik om te bepaal of die psigiese en sosiale status van die verlore ideaal of objek se waarde verlaag is of geïdealiseer word. Daarbenewens moet wyses ondersoek word om die verlore objek te herstel, al dan nie, in die psige van die individue, om uiteindelik die interne wêreld te herbou (Eng en Han 2003:363).

Verder bied psigoanalise nuwe insigte in die problematiek van ras. Terwyl Freud se teorie van melancholie as patologies beskou word, argumenteer Eng en Han (2003:344) dat melancholie as 'n psigologiese toestand verstaan kan word, maar nie as 'n siekte nie. Melancholie en depressie vorm sodoende die onderbou van die alledaagse stryd en konflik van gemarginaliseerde groepe. Alhoewel melancholie dikwels gekonsepsualiseer is om individuele verlies en lyding te verstaan, kan dit ook verbreed word na veral gemarginaliseerde groepe soos vroue, queers en onderdrukte rassegroepe, elkeen met hul eie wetlike, historiese, kulturele, ekonomiese en sosiale agtergronde (Eng en Han 2003:344). Vir swart mense beteken assimilasie met die hoofstroomkultuur dikwels dat hulle die dominante ideale en norme daarvan moet aanneem, dit wil sê heteronormatiewe witheid en middelklaswaardes. Die verlies van enige van hierdie norme, byvoorbeeld die verlies van die ideaal, witheid, bevestig 'n melancholiese raamwerk. Dit baken die prosesse af wat gepaardgaan met assimilasie as onopgeloste en mislukte integrasie (Eng en Han 2003:344). Volgens bell hooks (1989:112) moet bruin/swart mense assimilasie teenstaan in die proses van subjekvorming. Weerstand teen 'n assimilerende ingesteldheid en 'n oorheersende, wit gemeenskap vorm 'n deel van die opposisie teen die wit oppermag (hooks 1989:112). Bewustheid van die druk op die assimilasieproses en 'n kritiese blik daarop, maak dit moontlik om krities ingestel te wees, ander denke aan te neem en sodoende subjektiwiteit te bewerkstellig (hooks 1990:15).

2.3 Postkoloniale melancholie in Hammie

Die problematiek van sosiale en ekonomiese ongelykheid kom in *Hammie* dikwels na vore. Hierby kan 'n gesprek rondom ras en gender ook betrek word. Om ongelykheid soos in *Hammie* vergestalt, na te speur, is dit nodig om die hiërargieë wat rasse- en genderdiskriminasie onderhou, te ondersoek. Die oorblyfsels van die apartheidsera word oorgedra na die hede en die ekonomiese en sosiale ongelykheid word nooit herstel nie. Kamfer se werk onthul dikwels die psigologiese impak van die koloniale bestel uit die oogpunt van die gemarginaliseerde persoon. *Hammie* bied insig in marginalisering en oor hoe die dood ervaar en verwerk word te midde van die sosio-ekonomiese omstandighede van die digterspreker. Wanneer daar dieper gekyk word na die verliesverwerking, is dit duidelik dat dit met marginalisering verbind kan word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

In *Hammie* moet die digterspreker op die oppervlak die verlies van haar moeder verwerk. Wanneer postkoloniale melancholie betrek word, kan hierdie gegewe meer noukeurig ondersoek word om te bepaal wat presies die digterspreker in die moeder verloor het. Vanuit 'n interseksionele oogpunt is die moeder as bruin vrou dubbel-gemarginaliseer (Crenshaw 1991:1 244). Die digterspreker in *Hammie* verloor dus nie net haar moeder nie, maar ook verskeie aspekte van haar moeder se identiteit as beide bruin persoon en vrou. Buiten die verwerking van die verlies van haar moeder as moeder, moet sy ook die koloniale verlede en die onderdrukking wat haar moeder ervaar het, verwerk. In hierdie afdeling word ondersoek hoe dít bydra tot die melancholie wat die digterspreker ervaar. Sy ervaar postkoloniale melancholie en moet hierdie aspekte ook by haar ego insluit. Dit beïnvloed dus haar subjektiwiteit (Eng en Han 2003:361).

Die stemme in *Hammie* is die stemme van gemarginaliseerde mense, meer spesifiek vroue en bruin mense. Die argument kan gevoer word dat die moeilike omstandighede gekommunikeer word na onder andere diegene met mag, die normatiewe wit kultuur, wat deel vorm van die groep mense wat Kamfer se bundels lees.

In *Hammie* staan die digterspreker se stem in vir dié van die vorige generasies, soos Eng en Han (2003:355) dit beskryf. Die spreker ly die verlies van haar moeder en ouma in die eksterne wêreld en sluit hulle stemme in by die interne wêreld. Mense wat 'n verlies ly, weet wie of wat hulle verloor, maar nie wat hulle alles van die persoon of plek verloor nie. Die spreker is dus self ook nie noodwendig bewus daarvan dat sy al die pyn wat die moeder saamgedra het, oorneem nie. Die onderdrukking wat die vorige generasies ervaar het, vorm deel van hul identiteit en wanneer die spreker dit moet verwerk, vorm dit ook deel van haar subjektiwiteit. "Apartheid" (71–2) illustreer die onderdrukking wat deur die jare en generasies heen ervaar word. As draer van die vorige generasies se stemme, leef die spreker dus in depressie en melancholie.

Die spreker word herhaaldelik herinner aan die dood van haar moeder, maar ook die moeilike bestaan wat haar moeder en ouma in die verlede gehad het op grond van diskriminasie, rasseskeiding en harde werk. In die gedig wat onder meer na die moeder se begrafnis verwys, "antie Gerty, suster Kamfer, antie Trui" (74), is dit duidelik dat die moeder hard gewerk het, "sy was die vrou in die spice-fabriek / met overalls aan en 'n haarnet op / wat geruik het na garlic / olives en skoonmaak-chemicals" (r. 17–20). Die spreker noem ook in "Die skoonmakers" (38) dat sy "van 'n lang lyn van domestic workers" (r. 1) afkomstig is. Sodoende besoek die vorige generasies se stemme die spreker dikwels. Die lyding van die vorige generasies word deur middel van melancholie na die psigiese interne wêreld oorgedra en vorm deel van die spreker se ego en identiteit. Die traumatiese geskiedenis van die verskillende generasies word dus nie vergeet nie. Hierdie geskiedenis figureer in onder meer "Sterk staan vir plat skoene" (19), "Lae lewens" (20), "Die skoonmakers" (38) en "CEO" (53).

Die digterspreker in Kamfer se werk word dikwels blootgestel aan verskillende struikelblokke. Die moeder as verlore objek in *Hammie* staan as't ware in vir alle ander koloniale subjekte wat in die verlede verloor is. Tydens apartheid is swart en bruin mense gewelddadig van hulle tuistes ontneem, soortgelyk aan die fiktiewe karakters van Klippenkust ('n fiksionalisering van die werklike, onteiende kusdorpie Skipskop) in Kamfer se bundel *grond/Santekraam* (2011). In die digterspreker se gemeenskap word die karakters, veral vroue, steeds met geweld gekonfronteer soos ook in die res van Kamfer se poëtiese oeuvre, *Noudat slapende honde* (2008) en *Chinatown* (2019) vergestalt word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Vervolgens word die gedigte, “Lae lewens” (20), “Apartheid” (71–2) en “Troupanne” (33–4) ondersoek om ’n beter idee te kry van die interseksionele marginalisering wat die spreker en haar moeder ervaar. Ook hoe dit tot die postkoloniale melancholie wat die spreker ervaar, bydra, en wat uiteindelik deel van haar identiteit vorm.

2.3.1 “Lae lewens”

Die rasse- en genderkwessie kom te berde in “Lae lewens” (20). In die gedig is dit duidelik dat die vorige generasie, meer spesifiek die moeder en die ouma, diskriminasie ervaar op grond van ras en gender. Die marginalisering word na die volgende generasie oorgedra en beïnvloed ook die spreker in die hede. Die titel maak dit reeds duidelik dat daar na lewens met ’n verlaagde status verwys word en dit herroep Gilroy (2005:45) se opmerking oor die onwaardige hantering van mense. Die spreker praat van haar moeder “wie so baie verraai was” (r. 2). Die moeder se “hart [was] ’n sirkel” (r. 3), wat suggereer dat haar pyn deel van ’n kringloop is. Die moeder “[vryf] haar vernederings in haar vel” (r. 4–6). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die moeder se vernederings deel van haar word en dat sy moontlik verneder word as gevolg van haar velkleur. Die trauma is dus oorerflik. Die spreker se bewustheid van die moeder se status wat verlaag word dui daarop dat die spreker moontlik van die melancholie kan genees. Die spreker sluit af met:

> sy was my ma
> en sy het my geleer
> hoe om nie lief te wees
> vir myself nie
>
> (Kamfer 2016:20)

Dié gedig staan sentraal tot die rassekwessie soos in *Hammie* vergestalt. Die melancholie is postkoloniaal, aangesien die moeder en ouma se trauma en leed uit die apartheidsera saamgedra en uiteindelik ook oorgedra word na die postkoloniale hede waarin die spreker leef. Die vernederings wat die moeder ervaar het weens haar velkleur en wat deel van haar identiteit geword het, het ’n impak op die digterspreker se eie subjekvorming.

2.3.2 “Apartheid”

Alreeds in die titel van die gedig “Apartheid” (71–2) word die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika opgeroep en die verwagting word geskep dat vergrype van hierdie tydperk, soos rassesegregasie en -diskriminasie te berde sal kom. Hierdie verwagting word versterk deur die spreker se verwysing na ’n tyd toe sy jonger was en die gepaardgaande herinneringe wat sy oproep. Die eerste herinnering is die wyse hoe haar ouma ’n wit man as “baas” (r. 3–5) aan-spreek. Die grootmoeder staan in ’n magsverhouding met ’n wit man en dit dui die hegemonie van ras in die koloniale verlede aan. In die tweede strofe maak die ouma en haar kleindogter gebruik van publieke vervoer (r. 6) op pad “plaas toe” (r. 7) na die ouma se werkplek. Die ouma is hier dus in ’n ondergeskikte posisie tot haar wit baas. Die skeiding tussen rasse en die rassehiërargie is duidelik. Die kleindogter word reeds hier aan hierdie onnatuurlike verskynsels blootgestel en selfs ná die opskorting van apartheid word hierdie oorblyfsels psigologies na die hede oorgedra.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Die koloniale geskiedenis word in "Apartheid" (71–2) gekonkretiseer deur die verwysings na die ervarings van die digterspreker se ouma. Dan volg 'n insident waarmee die moeder gekonfronteer word. Die spreker het 'n bepaalde verwagting van hoe sy 'n soortgelyke konfrontasie sal hanteer, sonder 'n stilgemaakte stem soos dié van haar moeder. Wanneer sy haarself wel later in 'n konfrontasie met rassediskriminasie bevind, is haar antwoord daarop stilte. Die oorblyfsels van die koloniale verlede, naamlik rasseskeiding en rassediskriminasie, word oorgedra na die hede en die letsels van apartheid is nog sigbaar.

In die volgende twee strofes van "Apartheid" (71–2) is die spreker ouer (r. 8) en hierdie keer is dit haar moeder wat aan haar 'n verhaal van rassediskriminasie vertel (r. 9). Die rolspelers is "twee boerklongens" (r. 10). Die moeder het teen die oortreders opgestaan en hulle "uitgekak" (r. 4). Die moeder is dus in opstand teen ongeregtigheid, anders as haar eie moeder, die spreker se ouma. Een van die seuns skop "een oggend" (r. 11) 'n blik na die spreker se moeder en dié se suster (r. 12–3). Die blik is 'n stuk vullis wat nie weggegooi is nie. Deur die moeder en suster met die blik te skop, maak die oortreder sy ingesteldheid duidelik dat persone wat 'n ander kleur as hy self het, minderwaardig is en dat hulle daarom hanteer kan word soos die gemors wat hy na hulle skop. In die postkoloniale konteks waartydens sosiale transformasie moet plaasvind, word bruin vroue dus steeds as minderwaardig hanteer, net soos die koloniale subjek se status in die verlede ook verlaag is. Postkoloniale melancholie veroorsaak ook dat die verlaagde status wat onderdrukkers op gemarginaliseerde subjekte afdwing, van een generasie na die volgende oorgedra word. In hierdie gedig word onderdrukking en die uitwerking daarvan op die psige geïllustreer oor drie generasies heen, naamlik die ouma, die moeder en die spreker self.

In die gedig is die moeder die enigste een wat die diskriminasie teenstaan. Sy tel die blikkie op (r. 14) en sodoende ignoreer sy nie die insident nie. Sy verdedig haarself en haar suster en werk melancholie en die ongeregtighede van die verlede teen. Een van die seuns gebruik 'n neerhalende rassistiese term om na die spreker se moeder te verwys om haar uit te lok (r. 15). Hy probeer sy mag as onderdrukker behou en oefen dit uit deur die moeder te verkleineer weens haar velkleur en dalk selfs ook omdat sy 'n vrou is. In die sesde strofe (r. 16–21) word die moeder se opstand teen die diskriminasie uiteengesit:

> toe gooi my ma die blikkie
> terug en sê is omdat jou
> voorouers nie hulle trille
> in hulle broeke kon hou nie
> dat jy vir my kan skrie hotnot
> jou vuilgat
>
> (Kamfer 2016:71)

Dit is vir die wit jongman moontlik om haar met 'n neerhalende rasseterm aan te spreek omdat sy voorouers hom voortgebring het en nasionalisme en rassisme van die koloniale tydperk af tot in die hede laat voortleef het. Aan die ander kant roep dit een van die gruwels van die koloniale verlede op, naamlik die verkragting en swanger maak van slavinne (Davis 2015). Gemengde verhoudings tussen wit en swart mense is ook destyds afgekeur. Die moeder bedoel dat indien die wit man se voorvaders nie ander mense verkrag of met hulle voortgeplant het nie, sy nie bruin sou wees nie. Hulle sou ook nie in hierdie omstandigheid wees nie en die diskriminasie wat teen haar gepleeg word, sou nie bestaan nie. Die strofe eindig met haar wat hom 'n "vuilgat" (r. 21) noem – dit kan verwys na sy onvolwassenheid en gebrek aan opvoeding, of dit kan sinspeel op die feit dat hy nie losgemaak kan word van die skuld waarmee hy bevlek is nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Die spreker bewonder in die sewende strofe (r. 22–23) haar moeder se reaksie op die insident en wens dat sy dieselfde durf tot selfverdediging teen rassiste sal hê. Sy is ook nie bang om met hierdie soort diskriminasie gekonfronteer te word nie. Hierdie tipe diskriminasie is só algemeen vir die spreker dat sy dit nie (meer) vrees nie. Verder is hier ook tekens van melancholie, aangesien dit herinneringe van ’n gestorwe generasie oproep. Die trauma word van die een generasie na die volgende een oorgedra. Daarbenewens word die oorblyfsels van die koloniale tydperk ook melancholies saamgedra en nie verwerk nie. Wanneer die spreker later in haar lewe, ná die moeder en selfs die ouma se dood, die verlies moet verwerk, internaliseer sy hulle in die ego via melancholie. Die diskriminerende insidente waarvan hierdie gedig vertel, is deel van die vorige generasies se persoonlike geskiedenisse en word deur die digter-spreker geïnternaliseer.

Die volgende insident waarvan die spreker vertel, vind plaas kort nadat apartheid opgeskort is (r. 26–27). Hiermee kontekstualiseer sy die vorige twee verhale wat afspeel tydens apartheid, toe die gebruik van neerhalende rasseterme nog nie gekriminaliseer was nie. Die ideaal van die postapartheid-era is dat mense van alle rasse in die samelewing saam kan funksioneer as ’n uiteenlopende, multikulturele samelewing. In die hede bly dit ’n onvervulde verwagting. Die spreker speel in die vlakwater saam met haar suster naby Clovelly-strand (r. 28–30) – 'n positiewe ervaring. Die draaipunt word in die volgende reëls verwoord (r. 31–3):

> twee mans het verby ons gestap
> ek kon die een hoor sê
> is dit nou mooi
>
> blêrrie kaffers
>
> (Kamfer 2016:72)

Aanvanklik word die verwagting van ’n kompliment geskep, maar dan word diskriminerende taal gebruik om na die twee meisies te verwys. Hierdie keer word ’n ander lasterlike rasterm gebruik as teenoor hulle moeder. Die opskorting van apartheid het dus nie rassisme stopgesit nie. Die drie generasies van vroue bly slagoffers van diskriminasie en wit rassiste gaan voort met hierdie diskriminasie. Hierdie soort optrede is so diep in die kulturele geskiedenis gesetel dat dit saamgedra word tot in ’n tydperk waar die verwagting is dat mense hul houdings en taalgebruik sal aanpas. Die utopiese ideaal van multikulturalisme word nie verwesenlik nie en rassistiese ideologieë word nie verwerp nie.

In die slotstrofe is dit duidelik dat die spreker nie so sterk soos haar ma kon wees om repliek te lewer op die skelterm (r. 35–6) soos wat sy wou nie. Die spreker verteenwoordig hier die jonger generasie. Sy is moontlik nog ’n kind, wat kan verklaar hoekom sy minder sterk as haar volwasse ma reageer. Sy is geskok en stomgeslaan deur hierdie man se taalgebruik wat onveranderd bly, selfs nadat daar weggedoen is met ’n onderdrukkende regering en pejoratiewe rasseterme gekriminaliseer is. Dit laat haar verstard en vol skaamte. Haar stem word steeds stilgemaak in ’n tydperk waartydens sy veronderstel is om meer beskerming en regte te hê. Haar reaksie is ook kenmerkend van iemand wat trauma ervaar en gewoond raak aan die pyn wat dikwels voorkom. Soos koloniale subjekte in die verlede stilgemaak is tot ’n objek sonder stem, is sy ook. Die spreker internaliseer die marginalisering van die vorige generasies en dra die ongeregtighede en leed saam met haar. Dit dra by tot wie sy is en speel ’n rol in haar subjekvorming. Sy wil soortgelyk aan haar moeder in opstand kom teen haar onderdrukkers, maar haar reaksie is eerder soos dié van ander onderdruktes in die verlede, byvoorbeeld haar ouma. Die stil stem is dan ook iets wat deel van haar identiteit word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Daar kan geredeneer word dat die spreker die moeder as melancholiese objek internaliseer ná haar dood. Sodoende internaliseer die spreker die vermoë om op te staan teen marginalisering soos wat haar moeder in die verlede gedoen het. Hierdie opstand vergestalt in heelwat van Kamfer se verse. In *Chinatown* sê die digterspreker in "brujas" (21) aan haar dogter "ek smile en sê / babygirl / Mammie is fearless" (r. 10–2). In terme van postkoloniale melancholie is melancholie nie meer 'n siekte nie. Die melancholie is ook nie net meer iets wat die individu ervaar nie, maar groepe ervaar dit ook. Soos wat die moeder, die ouma en die spreker diskriminasie en marginalisering ervaar, ervaar die ander lede van die groep waaraan hulle behoort, naamlik swart of bruin mense en spesifiek vroue, dit ook. In hierdie gedig, soos in die res van die bundel, is die moeder die melancholiese objek. Wanneer die spreker as kind met diskriminasie gekonfronteer word, het sy nog nie die moeder as liefdesobjek verloor en geïnternaliseer nie. Sy kan dus nog nie haarself verdedig nie en haar stem is steeds stilgemaak. Die spreker se reaksie is stilte, haar spraak word aangetas, 'n blokkasie word gevorm en inkorporasie volg. Sy staan assimilasie teen, maar word steeds gehinder deur die koloniale verlede, naamlik belastering en die poging van wit mense en stelselmatige onderdrukking wat haar status probeer verlaag.

2.3.3 "Troupanne"

In die laaste twee reëls van die gedig "Ma" (32) hou die digterspreker vas aan iets wat haar aan die moeder herinner, naamlik die moeder se trouringe. Die ringe is 'n verdere teken van melancholie. Dit maak die spreker se vingers seer (r. 15–6) en die pyn aan haar vingers verteenwoordig die trauma van die verlies van die moeder, asook die pyn van 'n lewe sonder die moeder se teenwoordigheid. Alhoewel hierdie spesifieke gedig nie oor die troupande handel nie, brei die daaropvolgende gedig hierop uit.

"Troupanne" (33–4) vertel van die trouringe wat verkoop word om vir die gesinslede wat ná die moeder se dood agterbly, te sorg. Die temas wat na vore kom, is verliesverwerking, institusionele benadeling, ekonomiese ongelykheid en identiteit. Die spreker word gedwing om van die fisiese herinneringe aan haar moeder ontslae te raak, sodat die oorlewende gesin kan voortbestaan. Op hierdie wyse help die moeder die gesin. Sy vervul die rol van moeder selfs in haar dood. Die spreker sien simbolies van die moeder af. Die enigste uitweg vir haar om haar rol as moeder te vervul en vir haar kind en die ander oorlewendes te sorg, is om beide haar moeder en die trouringe te laat gaan. In "Ma" (32) hou sy aan om die ringe aan haar vingers te dra, al maak dit haar seer. Die ringe is 'n objek in die buitewêreld soos die verlore moeder ook eens op 'n tyd was. Net soos 'n melancholiese persoon nie die geliefde persoon wil laat gaan nie, wil die spreker nie die ringe laat gaan nie, alhoewel sy later gedwing word om van die ringe af te sien. Soortgelyk aan hoe die spreker die moeder in die buitewêreld verloor het, moet sy die ringe ook verloor en die herinnering van die moeder, en selfs die ringe, internaliseer om self die rol van moeder te vervul en na haar gesin om te sien.

Die postkoloniale subjek se armoede word in die gedig opgeroep. Die gesin is uit 'n klas wat finansieel benadeel is. Die spreker se dogter het ook nie gekies om te bestaan nie en sy is onbewus van die omstandighede waarin sy gebore is (r. 2–3). Die vorige generasie se apartheidskuld word na die postapartheid-era oorgedra. Skuld verwys na finansiële skuld. Nathan probeer as pa om na sy gesin om te sien, maar hy sukkel omdat hy met sy pa se skuld sit.[13] Nathan se pa het moontlik op sy beurt ook gepoog om vir sy gesin te sorg, maar hy het geleef in 'n era waar hy finansieel benadeel is en moes skuld maak om genoeg geld te hê om sy gesin te versorg. Die ekonomiese ongelykheid van die koloniale bestel word dus na die postkoloniale

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

hede oorgedra. Die digterspreker wil nie meer in die klassestelsel geplaas word weens institusionele benadeling nie (r. 7). Die spreker roep grepe van ’n vorige bestaan as ’n “coloured” (r. 7), “middelklas” (r. 7) subjek wat voorheen op die “plaas” (r. 8) en in die “ghetto” (r. 9) gewoon het, op. Die spreker wil “verskoning maak” (r. 10) dat sy nog altyd ’n plek gehad het om te bly (r. 11) en dat haar “Afrikaans suiwer is”. Sy dra skuldgevoelens saam omdat sy geleenthede gehad het wat ander postkoloniale subjekte nie het nie. Sy het in ’n gesin grootgeword wat in haar basiese behoeftes, soos behuising en skoolopvoeding, voorsien het. In die omgewing waar sy grootgeword het, is dit wel meer algemeen dat mense nie in hierdie basiese behoeftes kan voorsien nie.

Die ringe in die gedig dien as ’n fisiese herinnering aan die moeder wat nie meer daar is nie. Die moeder spook dus steeds by die spreker. Hier word die spreker se stryd om deur haar postkoloniale bestaan te bestuur en dit te verwerk duidelik. Dit word nóg moeiliker gemaak omdat sy terselfdertyd die dood van haar moeder moet verwerk. Die gedig bring dus die verskillende vorme van melancholie byeen. Die verwerking van verlies is ter sprake, sowel as postkoloniale melancholie.

Die rouproses word beskryf as ’n ou vel wat afval en plek maak vir ’n nuwe een (r. 17). Dit suggereer dat die verlies van ’n persoon (of ideaal) die vel is wat afval. Al die pyn wat daarmee gepaard gaan, val weg en ’n nuwe vel groei in die plek daarvan. Dit is ’n nuwe fase wat sy betree en die vel wat afval, maak plek vir ’n nuwe laag wat deel vorm van die spreker se identiteit. Die spreker wil wel nie van die ou vel, simbolies van die gestorwe persoon of ideaal, afsien nie. Sy wil nog “in die dooie dop sit” (r. 19). Dit suggereer dat sy verlang na die beskerming van haar moeder en dit wat die moederfiguur vir die gesin beteken het. Sy wil ook nie afsien van die ou self wat sy was terwyl haar moeder nog gelewe het nie. Sy kan egter nie in die veiligheid van daardie vel bly nie.

Wanneer ’n slang vervel, moet dit vir ’n periode gedurende die proses skuil om veilig te bly, aangesien sy oë melkerig raak en dit sy sig beïnvloed (Stutesman 2015:29). Slange vervel omdat hulle velle nie meer vir hulle pas nie, omdat die vel oud en verslete is, voor voortplanting of nadat hulle geboorte geskenk het (The Forest Preserve District of Will County 2020). Omdat die spreker in die gedig “vervel”, kan die slang se vervellingsproses vergelyk word met die rouproses. Die spreker wil vashou aan die deel van haar lewe toe die moeder nog gelewe het en sy voel nog nie gereed om die nuwe fase van haar lewe te betree nie. Haar lewe moet aangaan, omdat sy nou self ook ’n moeder is (r. 22). Sy het ’n kind van haar eie (r. 21) en sy moet vir die kind sorg en vir haar kos maak (r. 23). Die spreker moet die rouproses versnel, sodat sy aandag kan gee aan diegene wat agtergebly het en steeds lewe.

Die spreker verkoop haar moeder se troupande, wat sy gewoonlik self aan haar vingers dra (r. 25), om voedsel en medisyne vir haar dogter te bekostig (r. 24). Die spreker het nie genoeg geld om andersins na haar dogter om te sien nie; heel moontlik weens haar lae-middelklasbestaan. Selfs in haar dood help of sorg die moeder vir die spreker (r. 26–7). Die verkoop van die ringe dui daarop dat die spreker begin om haar moeder se dood en afwesigheid te verwerk en afskeid van haar te neem. Soos sy van haar moeder moet afskeid neem, moet sy ook van die ringe afskeid neem om haar en haar gesin se verdere voortbestaan te verseker. Om haar weg na die subjektiwiteit as moeder en versorger van die gesin te vind, moet die digterspreker die ringe ekstern laat gaan, asook haar moeder by haar ego internaliseer. In die Freudiaanse sin is die ringe dus iets wat die spreker in die buitewêreld moet verloor, soos haar moeder. Die objek in die eksterne wêreld wat herinneringe van haar moeder oproep, moet sy ook verloor, maar die moeder is alreeds in haar ego beveilig. Om die ringe te moet laat gaan,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

voeg ’n verdere dimensie by die postkoloniale melancholie. Dat die spreker gedwing word om die ringe te laat gaan om self die rol van moeder te vervul en om te sien na haar gesin, suggereer die jammerlikheid van haar sosio-ekonomiese omstandighede. Haar moeder is daarmee gekonfronteer en ná die verlies van haar moeder, moet sy self die oorblyfsels van die koloniale tydperk verwerk, in hierdie geval ekonomiese ongelykheid.

Vermeulen (2018:163) dui aan dat “Troupanne” deel van die spreker se identiteit verklaar “kinda middelklas / kinda plaas / kinda ghetto”. Daarmee saam blyk dit dat die spreker hierdie identiteit teenstaan, aangesien sy verskoning maak vir haar voorheen beskutte bestaan. Aangesien die spreker as moeder na die kind moet omsien, word sy aan swaarkry blootgestel sonder haar eie moeder se leiding en beskerming in die sukkelende omstandighede (Vermeulen 2018:163–4). Die spreker kan vir ’n laaste keer hulp van haar moeder af kry deur die moeder se ringe te verkoop om noodsaaklike dinge vir haar kind te koop. Die spreker kry swaar. Sy word gekonfronteer met die werklikheid van die moeder se dood en sy verlang na die moederlike ondersteuning. Die verwerking van die verlies van haar moeder word in hierdie gedig verbind met die ander aspekte van swaarkry wat die spreker in haar omgewing ervaar (Vermeulen 2018:164). Ná die verlies van die moeder dra die spreker die moeder melancholies met haar saam en internaliseer die moeder én die omstandighede waarin sy geleef het. Die moederfiguur in die huishouding is weg en die onus rus op die digterspreker om self die rol van moeder in te neem en na haar kind en die res van die gesin om te sien. Die spreker ly dus steeds aan melancholie, maar sonder die patologiese masker daarvan. Die moeder se dood in die buitewêreld het ’n impak op die spreker en haar subjekvorming. Sy hou die moeder vir ewig in die binnewêreld en sodoende verkry die digterspreker die agentskap van haar moeder en positiewe subjekvorming vind plaas.

3. Gevolgtrekking

Uit die teoretiese verkenning van postkoloniale melancholie, met inbegrip van postkolonialisme, kolonialisme, feminisme en die postkoloniale konteks in Suid-Afrika, en die ontleding van gekose gedigte in Kamfer se bundel, *Hammie*, blyk dit dat Kamfer as ’n post-koloniale, feministiese digter geklassifiseer kan word. In haar werk ontbloot en ondermyn sy die magstrukture wat verantwoordelik was, en nog is, vir die verontmensliking van haar mense. Die digterspreker in *Hammie* word nie slegs met die nagevolge van die koloniale bestel gekonfronteer nie, maar ook met haar status as vrou. Daarom is die marginalisering van die subjek interseksioneel.

In die stiplees van “Lae lewens” (20) is daar ’n beter idee verkry van die melancholie wat gepaardgaan met velkleur. In “Apartheid” (71–2) word die rassediskriminasie van die verlede uitgewys en word daar aangetoon hoe dit selfs ná die opskorting van apartheid steeds in die postkoloniale hede bestaan. Die gedig wys ook hoe trauma oorerflik is oor generasies heen. Die gedig “Troupanne” (33–4) vat al die aspekte van melancholie wat in die artikel bespreek is, saam. Die verlies van die moeder is ’n sterk tema in die gedig en die omvang van die verlies word hier duidelik belig. Die vrouwees en bruinwees van die moeder kom hier op die voorgrond. Daarmee saam word dit duidelik hoe postkoloniale subjekte steeds met ekonomiese ongelykheid gekonfronteer word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

In die analise van gedigte soos “Lae lewens” (20), “Apartheid” (71–2) en “Troupanne” (33–4) is dit duidelik dat Suid-Afrika ná die opskorting van apartheid steeds besig is om sosio-ekonomies te transformeer. Die oorblyfsels van die koloniale bestel kan steeds gesien word in die hedendaagse postkoloniale samelewing. Die sosiale en ekonomiese ongelykhede wat deur kolonisasie veroorsaak is, word steeds melancholies saamgedra in die hede. Dit kan as ’n siekte van die samelewing beskou word. Die moeder se swaarkry in die verlede moet saam met die verlies aan haar verwerk word. Wanneer die spreker aan die moeder se dood herinner word, word sy ook aan die swaarkry van die moeder herinner. Die moeder se leed weens haar sosio-ekonomiese omstandighede en onderdrukking op grond van haar gender en velkleur word deel van die spreker se subjektiwiteit wanneer sy die verlies van haar moeder verwerk. In Cheng, Eng en Han se bespreking van postkoloniale melancholie is dit duidelik dat hierdie vorm van melancholie veral ’n impak het op hoe mense hul weg na subjektiwiteit vind in verhouding met mekaar. Die melancholie word dus nie opgelos nie en daar kan geredeneer word dat die subjekvorming ’n aangaande proses is.

Postkoloniale melancholie verloor wel die patologiese masker, aangesien dit van toepassing is op groepe in stede van individue. Die pyn wat die spreker ervaar, is dus vergelykbaar met die leed van groter gemarginaliseerde groepe. Om van melancholie genees te word, blyk bykans onmoontlik te wees, aangesien die ideale van ’n multikulturele samelewing utopies en onbereikbaar is.

Khanna (2003) redeneer dat psigoanalise onlosmaaklik deel van kolonialisme is. Psigoanalise is verder ’n nuttige raamwerk om aspekte van kolonialisme te ondersoek om te bepaal wat die psigologiese impak daarvan is. Die impak van koloniale oorblyfsels op die psige van vroue en koloniale subjekte kan dan ondersoek word. Beter insig in die psigiese en fisiese impak van kolonialisme word verkry deur postkoloniale melancholie te ondersoek.

Dit is veral die gemarginaliseerde subjek se subjektiwiteit wat deur middel van melancholie gevorm word. In die bespreking van postkoloniale melancholie is dit duidelik dat die koloniale bestel en die oorblyfsels daarvan in die hede ’n impak het op gemarginaliseerde postkoloniale subjekte, onder andere bruin vroue soos die digterspreker, die ouma, die moeder, die suster en die dogter. Deur die digterspreker se ervaring van melancholie word die gestorwe moeder deel van die spreker se identiteit en daarmee saam ook die onderdrukking wat die moeder as vrou en bruin persoon ervaar het. Dit alles dra by tot die digterspreker se subjekvorming.

Ná die dood van die digterspreker se moeder word die aspekte van die moeder as gemarginaliseerde subjek, beide bruin en vrou, by die ego van die spreker ingesluit en word dit deel van die spreker se subjektiwiteit. Die dood van die moeder bring ook ander traumatiese gebeure na die oppervlak en sodoende moet die spreker oorblyfsels van die koloniale verlede met haar saamdra soos wat haar moeder en grootmoeder dit ook met hulle moes saamdra. Die ongelykheid en diskriminasie wat die digterspreker se moeder en grootmoeder ervaar het, word by die spreker opgeroep. Die digterspreker verwerk nie die verlies van haar moeder ten volle nie en dra dus die pyn van hierdie verlies, asook die pynlike verlede van die moeder, melancholies met haar saam. Die onus rus nou op die digterspreker en haar dogter om te probeer om genees te word van hierdie melancholie.

Kamfer se poësie gee ’n stem aan voorheen stilgemaakte, gemarginaliseerde mense, veral bruin mense en vroue. Die karakters, soos die digterspreker, haar suster en hulle kinders, maak in Kamfer se gedigte die verliese van gemarginaliseerde mense duidelik. In hierdie artikel is daar

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

gepoog om ’n beter begrip te verkry van die verliesverwerking en subjekvorming waarmee die digterspreker in *Hammie* gekonfronteer word. Dit sou dan ook relevant wees ten opsigte van ander gemarginaliseerde mense en groepe.

Die strategiese metodes wat gebruik word in verliesverwerking kan vergelyk word met die struikelblokke van ander onderdrukte groepe, soos queers. Alhoewel daar verskille tussen die marginalisering van die onderskeie groepe is, kan die ooreenkomste tussen die verliese wat die groepe ervaar in hulle daaglikse lewe belig word. Melancholie kan hulle help om te oorleef, voort te bestaan en te genees (Muñoz 1997:74).

Bibliografie

Ashcroft, B., G. Griffiths en H. Tiffin. 2002. *The empire writes back: Theory and practice in post-colonial literatures*. 2de uitgawe. Londen: Routledge.

Attridge, D. en R. Jolly (reds.). 1998. *Writing South Africa: Literature, apartheid, and democracy, 1970–1995*. Cambridge: Cambridge University Press.

Blignaut, J.V. 2022. Postkoloniale melancholie in Ronelda S. Kamfer se *Hammie* (2016) en *Amen*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Bonthuys, M. 2020. Postkoloniale feminisme in die Afrikaanse poësie: Die debute van Ronelda S. Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips. *LitNet Akademies*, 17(1):241–61. https://www.litnet.co.za/postkoloniale-feminisme-in-die-afrikaanse-poesie-die-debute-van-ronelda-s-kamfer-shirmoney-rhode-en-jolyn-phillips.

Burger, B. 2020. ‘Our respect for water is what you have termed fear’: The ocean in the poetry of Ronelda S. Kamfer and Koleka Putuma. *Journal of Southern African Studies*, 46(1):23–38.

Carastathis, A. 2014. The concept of intersectionality in feminist theory. *Philosophy Compass*, 9(5):304–14.

Cheng, A.A. 2001. *The melancholy of race: Psychoanalysis, assimilation and hidden grief*. New York: Oxford University Press.

Crenshaw, K. 1991. Mapping the margins: Intersectionality, identity politics, and violence against women of color. *Stanford Law Review*, 1991(43)6:1241–99.

Crociani-Windland, L. en P. Hoggett. 2012. Politics and affect. *Subjectivity*, 2012(5):161–79.

Crous, M. 2009. Afrikaans poetry: New voices. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 21(1–2):200–17.

Davis, R. 2015. How rape became South Africa’s enduring nightmare. https://www.theguardian.com/world/2015/sep/29/south-africa-rape-nightmare-crime-stats (8 November 2024 geraadpleeg).

Du Plessis, C.V. 2016. ’n Outentieke, onopgesmukte stem. *Beeld*, 29 Februarie:23.

Eng, D.L. en S. Han. 2003. A dialogue on racial melancholia. In Eng en Kazanjian (reds.) 2003.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Eng, D.L. en D. Kazanjian (reds.). 2003. *Loss: The politics of mourning*. Berkeley, CA: University of California Press.

Etoke, N. 2019. *Melancholia Africana: The indispensable overcoming of the black condition*. Londen: Rowman & Littlefield.

Fanon, F. 2008. *Black skin, white masks*. Londen: Pluto Press.

Gilroy, P. 2005. *Postcolonial melancholia*. New York: Columbia University Press.

Hook, D. 2012a. Apartheid's lost attachments (1): On psychoanalytic reading practice. *PINS*, 2012(43):40–53.

—. 2012b. Apartheid's lost attachments (2): Melancholic loss and symbolic identification. *PINS*, 2012(43):54–71.

hooks, b. 1989. *Talking back: Thinking feminist, thinking black*. Boston, MA: South End Press.

—. 1990. *Yearning: Race, gender and cultural politics*. Boston, MA: South End Press.

Human, T. 2006. "Klaaglied vir 'n verdwene geliefde" – oor vertroostende, melancholiese en "onmoontlike" verdriet. *Journal for Language Teaching = Ijenali Yekufundzisa Lulwimi = Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):195–209.

—. 2008. "Ek kan nie my hand oopmaak en loslaat nie": verlies, verdriet en (kortstondige) verligting in *Karolina Ferreira* deur Lettie Viljoen. *Stilet*, 20(1):82–105.

—. 2009. "Om leeg te word soos 'n skulp": verlies en verganklikheid in *Die boek van toeval en toeverlaat*. *LitNet Akademies*, 6(1):1–20.

Kamfer, R.S. 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela.

—. 2011. *Grond/Santekraam*. Kaapstad: Kwela.

—. 2016. *Hammie*. Kaapstad: Kwela.

—. 2019. *Chinatown*. Kaapstad: Kwela.

Kawesa, V. 2019. Conversations on transnationalism and intersectionality in postcolonial feminism. STINT openbare lesing, 30 Oktober, Universiteit van Wes-Kaapland.

Khanna, R. 2003. *Dark continents: Psychoanalysis and colonialism*. Durham: Duke University Press.

Kidelo, T.Z. 2021. Swart feminisme in Afrikaanse en Nederlandse poësie met betrekking tot die werke van Ronelda Kamfer en Simone Atangana Bekono: 'n Vergelykende studie. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland.

Mack-Canty, C. 2004. Third-wave feminism and the need to reweave nature/culture duality. *NWSA Journal*, 16(3):154–79.

Muñoz, J.E. 1997. Photographies of mourning: Melancholia and ambivalence in Van Der Zee, Mapplethorpe, and *Looking for Langston*. In Stecopoulos en Uebel (reds.) 1997.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

Osborne, R.E. 2001. *Megawords: 200 terms you really need to know*. Crows Nest: Allen & Unwin.

Oxford Reference. 2010. Subaltern. https://www.oxfordreference.com/view/10.1093/oi/authority.20110803100539334 (28 Mei 2022 geraadpleeg).

Stecopoulos, H. en M. Uebel (reds.). 1997. *Race and the subject of masculinities*. Durham, NC: Duke University Press.

Stutesman, D. 2015. *Snake*. Londen: Reaktion Books.

The Forest Preserve District of Will County. 2020. Nature curiosity: Why do snakes shed their skin? https://reconnectwithnature.org/news-events/the-buzz/nature-curiosity-why-do-snakes-shed-their-skin (28 Mei 2022 geraadpleeg).

Vermeulen, D. 2018. ’n Ondersoek na Ronelda Kamfer se poësie aan die hand van bell hooks se filosofie oor ras en taal. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Viljoen, L. 1996. Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: ’n verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2):158–75. https://www.researchgate.net/publication/308695314_Postkolonialisme_en_die_Afrikaanse_letterkunde_’n_verkenning_van_die_rol_van_enkele_gemarginaliseerde_diskoerse_Emma_Huismans_Koos_Prinsloo.

—. 2014. “Die hart ’n droë blaar”: Verlies, rou en melancholie in Olga Kirsch se Afrikaanse poësie. *Werkwinkel*, 9(2):31–58.

Wicomb, Z. 1998. Shame and identity: The case of the coloured in South Africa. In Attridge en Jolly (reds.) 1998.

Eindnotas

[1] Ek erken met dankbaarheid die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se bydrae wat deur middel van ’n beurs hierdie studie moontlik gemaak het.

[2] Die artikel is gebaseer op ’n langer studie, die ongepubliseerde MA-verhandeling “Postkoloniale melancholie in Ronelda S Kamfer se *Hammie* (2016) en *Amen*” (Blignaut 2022).

[3] Ronelda Sonnet Kamfer se tweede naam word op haar bundels afgekort sonder ’n punt ná die “S” en word deurlopend op hierdie manier wyse in die artikel gebruik.

[4] In navolging van Kamfer en Muñoz en soveel ander, is ek bewus van my eie subjektiwiteit in die skryf van die artikel. Ek erken dat ek nie ’n woordvoerder kan wees vir die bruin of vroulike ervaring nie. Ek poog wel om skakels te belig tussen gemarginaliseerde groepe en skryf uit my posisie as queer individu.

[5] Die digter se werklike moeder, Gertruida Kamfer, is op Sondag 8 Mei 2011 aan breinvlies-ontsteking oorlede (Du Plessis 2016:23).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n3g3

[6] In die Afrikaanse letterkunde word daar na die werk van bruin skrywers verwys as Afrikaanse skryfwerk. Swart toon in hierdie geval nie velkleur aan nie, maar eerder ’n tradisie wat gekoppel is aan teenstand teen ’n hegemoniese stelsel (Van Wyk, in Bonthuys 2020:247). Volgens Wicomb (1998:105–06) is die gebruik van swart as ’n sambreelterm ’n oplossing aan-gesien mense van verskillende rasse verenig word met hierdie term. Sodoende word daar weggedoen met voormalige identiteite wat gevul is met skaamte en ’n nuwe diskursiewe ruimte kan geskep word waarin ’n swartheid bestaan wat skaamte uitwis. In die artikel word die terme swart en/of bruin gebruik om na die ras van die digterspreker in *Hammie* te verwys en spesifiek te wees oor die gemarginaliseerde subjek. Die terme word op ’n soortgelyke wyse in die teorie hanteer, maar kan ook aangepas word wanneer verdere navorsing oor ander onderdrukte rassegroepe ondersoek word.

[7] Die postkoloniale Suid-Afrika waarna in die artikel verwys word, is die tydperk wanneer dekolonisering in die land begin, veral ná die opskorting van apartheid.

[8] Die term *subaltern* is die eerste keer deur Antonio Gramsci gebruik. Hy het die woord in die tronk gebruik as ’n kodewoord vir ’n laer werkersklas wat onderhewig is aan ’n hegemonie van ’n magtiger klas. Ander teoretici, soos Gayatri Spivak, het die term verder uitgebrei in byvoorbeeld haar bekende essay “Can the subaltern speak?” (Oxford Reference 2010).

[9] Alhoewel Etoke se navorsing hoofsaaklik oor Afrika handel, kan hierdie teorie moontlik uit-gebrei word om ander gekoloniseerde groepe in te sluit.

[10] Beide die spreker en die moeder in *Hammie* word op dieselfde wyse gemarginaliseer omdat hulle beide vrou en bruin is en op grond daarvan diskriminasie ervaar. Hierdie ervaring dra by tot hulle subjektiwiteit of identiteit.

[11] ’n Koloniale subjek is ’n direkte slagoffer van rassisme (Sardar in Fanon 2008:x–xi). Die koloniale subjek word in koloniale samelewings geskep en sy/haar subjektiwiteit word deur imperialisme gevorm (Osborne 2001:77). Die postkoloniale subjek is dan die subjek wat met die oorblyfsels van ’n koloniale bestel, soos rassisme, moet leef nadat die voorheen gekolo-niseerde samelewing met dekolonisasie begin het.

[12] Alhoewel Cheng se studie hoofsaaklik na Asiaties-Amerikaanse mense se ras verwys, gebruik sy soms die term “racial other” wat staan teenoor die dominante wit kultuur van Amerika. Alhoewel die wit kultuur in Suid-Afrika nie die dominante kultuur is nie, is die marginalisering van onderdrukte rasgroepe soortgelyk. Wat Asiaties-Amerikaanse mense in Cheng se studie ervaar, is dus vergelykbaar met die ervarings van swart en bruin mense in Suid-Afrika en haar term word aangepas vir die konteks van *Hammie* om die subjekte meer spesifiek te maak. Soos Eng en Han (2003:344) let ek ook op die probleem van veralgemening, maar hoop om soos hulle die teoretiese skakels tussen gemarginaliseerde groepe te versterk.

[13] Nathan verwys hier na ’n fiktiewe weergawe van Ronelda S Kamfer se man, Nathan Trantraal.